



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

RELIGIESTUDIES V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.
3. Lees ALLE vrae noukeurig deur.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Die lengte van jou antwoorde moet in ooreenstemming wees met die puntetoekenning by elke vraag.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 Die Midde Oosterse familie van godsdienste bestaan uit ...

- A Boeddhisme, Hindoeïsme, Jaïnisme en Sikhisme.
- B Taoïsme, Konfusianisme, Sjintoïsme en die Baha'i-geloof.
- C Judaïsme, Christendom, Islam en die Baha'i-geloof.
- D San Godsdien, Yoruba, ama Zulu en Aka. (1)

1.1.2 Watter EEN van die volgende is 'n verduideliking van monoteïsme?

- A 'n Doktrine wat twee onafhanklike beginsels erken.
- B Die oortuiging dat God alles is en alles is God.
- C Geloof in die bestaan van gode of 'n God.
- D Geloof of aanbidding van meer as een God. (1)

1.1.3 'n Sjamaan is ...

- A die hoogste kaste in tradisionele Hindoeïsme.
- B iemand wat as 'n medium tussen die sigbare en die geesteswêreld dien.
- C 'n heerser, soos 'n koning of koningin.
- D die titel van Romeinse keisers. (1)

1.1.4 Die Tripitaka verwys na die fundamentele heilige teks van ...

- A Judaïsme.
- B die Baha'i-geloof.
- C Boeddhisme.
- D die Heiliges van die Laaste-dae. (1)

1.1.5 Die primêre bron van die Shariah is die ...

- A Talmoed.
- B Samhita.
- C Koraan.
- D gedagtes en aksies van mense. (1)

1.1.6 Ubuntu is ...

- A die dag wat vir gemeenskaplike aanbidding in die Afrika Tradisionele Godsdien gebruik word.
- B om respek en medelye teenoor jou medemens te toon.
- C 'n godsdienstige leerstelling met absolute outoriteit.
- D 'n woord wat die 'mense van Afrika oorsprong' beteken. (1)

1.1.7 'n Seremonie waartydens gelowiges deur die gebruik van water lede van die Christelike gemeenskap gemaak word.

- A Katakisme
- B Kalmering
- C Doop
- D Heilige Nagmaal

(1)

1.1.8 Die eerste Parlement van die Wêreld Godsdienste was in ... gehou.

- A Den Haag
- B Rome
- C Chicago
- D Kyoto

(1)

1.1.9 'n Moslem godsdienstige leier en leermeester:

- A Imam
- B Kardinaal
- C Raja
- D Apostel

(1)

1.1.10 Een van die hoof sakramente van die Katolieke Kerk is die ...

- A Judaïsme.
- B Nagmaal.
- C Reïnkarnasie.
- D Nirwana.

(1)

1.2 Kies 'n item in KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.7 H. Moet NIE 'n letter meer as EEN keer gebruik nie.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Sharia	A	Afrika Tradisionele Godsdienste
1.2.2	Baha'i-geloof	B	Nuwe Testament
1.2.3	Verering van Voorvaders	C	Konstitusie
1.2.4	Taoïsme	D	Die goddelike Wet van Islam
1.2.5	Vryheid van geloof	E	Kitab-i-Aqdas
1.2.6	Judaïsme	F	China
		G	Abrahamitiese godsdienste

(6 x 1) (6)

- 1.3 Kies die woord in ELKE lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer en gee 'n rede waarom dit NIE pas NIE.

VOORBEELD: Rooi; Geel; Sirkel; Blou

ANTWOORD: Sirkel

REDE: Die ander drie is kleure.

- 1.3.1 Nirvana, Karma, Doop, Reïnkarnasie (2)
- 1.3.2 Koran, Bybel, Woordeboek, Tripitaka (2)
- 1.3.3 Judaïsme, Christendom, Islam, Bahai'i-geloof (2)
- 1.3.4 Moses, Jesus, Lao Tzu, Profeet Mohammed (2)
- 1.3.5 Modimo, Allah, Umvelinqangi, Unkulunkulu (2)
- 1.4 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf SLEGS die woord langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.4.1 'n Afrika Tradisionele Godsdienst geneser wat die voorvaders raadpleeg word 'n ... genoem. (2)
- 1.4.2 Die heilige geskrif van Judaïsme word die ... genoem. (2)
- 1.4.3 Soenni is een vertakking van ... (2)
- 1.4.4 Die Tripitaka is die heilige teks van ... (2)
- 1.4.5 Die hoogste geestelike bevryding in Hindoeïsme, word ... genoem. (2)
- 1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.
- 1.5.1 Die hoof van die Katolieke Kerk word Baha'u'llah genoem. (2)
- 1.5.2 Die Vedas word as die heilige teks van Boeddhisme aanvaar. (2)
- 1.5.3 Een van die Vyf Pilare van Islam is om op 'n pelgrimstog na Mekka te gaan, wat Zakaat genoem word. (2)
- 1.5.4 Baha'u'llah is die profeet/stigter van die Baha'i-geloof. (2)
- 1.5.5 Ramadaan word deur Hindoeïsme jaarliks gevier. (2)
- 1.6 Skryf TWEE feite oor elk van die volgende:
- 1.6.1 Tenzyn Gaitso (2)
- 1.6.2 Aartsbiskop Desmond Tutu (2)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die volgende konsepte in die konteks van godsdiens.

2.1.1 Gelykenis (4)

2.1.2 Doktrine (4)

2.1.3 Vergelykbaarheid (4)

2.2 Noem enige TWEE unieke eienskappe van die volgende godsdienste.

2.2.1 Islam (4)

2.2.2 Christendom (4)

2.2.3 Taoïsme (4)

2.3 Hoe dink jy, skep godsdienste, 'n gedeelde identiteit? (4)

2.4 Verduidelik die verhouding tussen godsdienstige *lering* en godsdienstige *geloof*. (4)

2.5 In Hindoeïsme word die lewe deur primêre doele gelei. Hierdie doelstellings gee 'n gebalanseerde bloudruk vir die mens se lewe.

Noem DRIE doelstellings van die lewe volgens Hindoeïsme. (6)

2.6 Onderskei tussen ELK van die volgende:

2.6.1 Die *Koran* en die *Hadith* (4)

2.6.2 *Olodumare* in Yoruba en *Dzengi* in die Aka godsdiens (4)

2.7 Bespreek die funksies van die uniekheid van 'n godsdiens. (4)

[50]

VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**CHRISTENDOM IN DIE MEDIA: UITDAGINGS EN AANVALLE OP
CHRISTENE VANDAG**

Christendom is een van die grootste godsdienste in die wêreld, met biljoene volgelinge. Die media speel 'n belangrike rol om die samelewing oor godsdienstige kwessies in te lig, insluitende Christendom.

Terwyl die media begrip en godsdienstige vryheid kan bevorder, kan dit ook situasies beklemtoon waar Christene diskriminasie, vervolging of kritiek ervaar. 'n Huidige kwessie wat internasionale aandag in die media geniet is die vervolging van Christene in verskeie lande, veral Nigerië.

'n Huidige gevalle studie: Vervolging van Christene in Nigerië
Nigerië ervaar aanhoudende geweld teen Christen gemeenskappe. Gewapende ekstremistiese groepe het kerke, Christen dorpie en aanbidders aangeval. Baie Christene is dood gemaak, beseer, of geforseer om hul huise te verlaat. Godsdienstige organisasies en menseregtengroepe het bekommernisse uitgelig oor die veiligheid van Christene in die gebied.

Internasionale nuus agentskappe, televisie netwerke, koerante, en sosiale-mediaplatforms het oor hierdie insidente verslag gedoen. Deur die media dekking, het mense regoor die wêreld bewus geword van die uitdagings wat Christene ervaar in Nigerië en ander lande waar godsdienstige vryheid bedreig word.

[Skrywer onbekend]

- 3.1.1 Wat is die huidige gevalle studie wat in die artikel bespreek word? (2)
- 3.1.2 Haal EEN frase uit paragraaf 2 aan wat wys dat die situasie wêreldwye aandag ontvang het. (2)
- 3.1.3 Verwys na paragraaf 4.
Hoe het die media gehelp om bewustheid oor die probleem te skep? (4)
- 3.1.4 Op watter wyse het die Suid-Afrikaanse media sy dekking van godsdienste kwessies na die 1994 demokratiese verkiesing verander? (8)
- 3.1.5 Identifiseer DRIE tipes media uit die uittreksel. (6)
- 3.1.6 Noem TWEE aspekte van godsdienste wat jy dink die meeste media dekking kry. Gee TWEE redes waarom jy dink dit gebeur. (8)

3.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

GROEP PROJEK SPANNING

Die lektor deel die klas in groepe vir 'n voorlegging. Josh, 'n Joodse jongman, besluit onmiddelik om die begroting te hanteer en kondig vir almal aan: "Moet nie bekommerd wees nie. Ek sal die geld hanteer, sodat ons nie ingeloop word nie." Hy was ook op sy foon tydens die vergadering want 'hy moes 'n transaksie beklink.' Aisha, 'n Christen student, het belowe om haar deel teen Vrydag in te handig, maar het Maandag met verskonings opgedaag. Toe iemand haar daarvoor vra het sy net geglimlag en gesê: "O, ek het vergeet – God sal voorsien." Gert, wie 'n Moslem is, het aangebied om te help met die sekuriteit vir die geleentheid. 'n Ander student het geskerts: "Hy sal dit doen – Moslems is altyd bakleiers."

[Skrywer onbekend]

3.2.1 Definieer die konsep *stereotipering*. (2)

3.2.2 Identifiseer TWEE van die stereotipes wat in die leesstuk beklemtoon word. (4)

3.2.3 Wat, dink jy, kan die media doen om die stereotipering van godsdienste te beeindig? (8)

3.3 Waarom, dink jy, het die mediadekking van godsdienstige kwessies so skerp die afgelope jare toegeneem? (6)
[50]

VRAAG 4

4.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n 43-jarige Kameroense winkeleienaar in Durban, wat byna 20 jaar reeds in Suid-Afrika woon, het gesê dat mense wat hy glo met March and March geaffilieer is, hom op April 17, 2026 aangeval het, tydens protesoptogte in Durban wat buitelandse winkels geteiken het.

Hy het sy winkel toegemaak, die deure gesluit en die ligte afgeskakel, maar 'n groep van ongeveer tien manne het die deur oopgebreek. Met die gebruik na 'n neerhalende term, het hulle twee Suid-Afrikaanse vroue wat 'n haarsalon in die winkel bestuur, oor hom uitgevra. "Hulle het my en my drie kollegas, wie nie Suid-Afrikaners is nie, met golf stokke en sambokke geslaan, en met peppersproei gespuit," het hy gesê. "Hulle het ook verdowingsgewere (stun guns) op ons gebruik. Ons het uit die winkel uitgehardloop, terwyl ons nie duidelik kon sien nie. Hulle het ons buite toe gevolg en ons geslaan – niemand het ons kom help nie."

Die winkeleienaar is met 'n Suid-Afrikaanse vrou getroud en woon wettig in Suid-Afrika, maar hy het gesê sy aanvallers het nie probeer om sy migrasie-status te verifieer nie. Geen wetstoepassingsbeamptes het gekom om hulle te beskerm nie, het hy gesê, soos berigte in vorige jare dat die Suid-Afrikaanse polisie offisiere daarin gefaal het om buitelandse burgers te beskerm, of erger, die aanvallers gehelp het. Die winkeleienaar het nie 'n aanrandingssaak aanhandig gemaak nie, omdat hy nie geloof in die land se regstelsel het nie.

[Skrywer onbekend]

- 4.1.1 Haal EEN woord uit die uittreksel aan wat aandui wat die winkeleienaar se land van oorsprong is. (2)
- 4.1.2 Noem die betekenisvolle traumatiese gebeurtenisse wat op April 17, 2026 plaas gevind het, volgens die winkeleienaar. (4)
- 4.1.3 Watter regte van die winkeleienaar en sy kollegas was geskend volgens die uittreksel? Noem enige DRIE. (6)
- 4.1.4 Bespreek relevante leringe van enige EEN godsdienst wat jy bestudeer het wat menseregte bevorder. (6)
- 4.1.5 As 'n jeugleier, watter praktiese voorstelle sal jy aan die Suid-Afrikaanse jeug maak om godsdienstige verdraagsaamheid te bevorder? (8)
- 4.1.6 Watter woord in paragraaf 3 dui aan dat die winkeleienaar nie onwettig in die land is nie? (2)
- 4.1.7 Godsdienstvryheid is 'n mensereg. Noem enige TWEE ander menseregte en bespreek die verantwoordelikhede wat met ELK van hulle gepaard gaan. (8)
- 4.1.8 Dink jy 'n sekulêre staat het groter respek vir menseregte as 'n teokratiese of godsdienstige staat? Motiveer jou antwoord. (6)

4.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

GODSDIENSVRYHEID

Dit is 'n fundamentele mensereg wat deur die Konstitusie van Suid-Afrika en baie internasionale menseregte ooreenkomste bevestig word.

In 'n diverse land soos Suid-Afrika, volg mense verskillende godsdienste, insluitend Christendom, Islam, Hindoeïsme, Judaïsme, Afrika Tradisionele godsdiens en andere.

[Skrywer onbekend]

4.2.1 Wat word bedoel met *godsdienstvryheid*? (2)

4.2.2 Godsdienstige gemeenskappe in Suid-Afrika kon tot nou toe goeie verhoudinge handhaaf.

Bespreek die redes vir hierdie vreedsame saambestaan. (6)

[50]

VRAAG 5

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ISRAEL EN PALESTINA

Agtergrond

Die huidige konflik is 'n verlenging van die langdurige geskil tussen Israel en Palestina oor land, politieke beheer, sekuriteit, en selfbeskikking. Die nuutste oorlog het op 7 Oktober 2023 begin toe die terreur organisasie, Hamas, aanvalle op Israel geloods het. Ongeveer 1 200 mense, insluitend ongewapende burgerlikes, vroue en kinders, is doodgemaak en meer as 250 mense is gyselaar geneem tydens hierdie aanval. Israel het formeel oorlog verklaar en "Operasie Yster Swaard" van stapel gestuur, wat 'n intensiewe bombarderingsveldtog en 'n volskaalse grond inval van die Gaza Strook, ingesluit het.

Huidige situasie

Alhoewel skietstilstand pogings aangewend is, duur gevegte en lugaanvalle steeds voort in Gaza. Berigte van Junie 2026 dui aan dat deurlopende Israeliese lugaanvalle, burgerlike sterftes, humanitêre uitdagings, en stilstaande vredesonderhandelinge steeds die orde van die dag is. Die konflik het ook naburige areas soos Lebanon, Jemen, Iran en Sirië geaffekteer en spanning verhoog regoor die Midde Ooste.

Gevolgtrekking

Die Israel-Palestina konflik bly een van die wêreld se mees komplekse en kontroversiële konflikte. Die voortdurende oorlog in Gaza hou aan om miljoene mense te affekteer en bly 'n groot internasionale kommer. Baie regerings, humanitêre organisasies, en die Verenigde Nasies hou aan om te pleit vir vrede, beskerming van burgerlikes, en 'n blywende politieke oplossing.

[Aangepas uit UNRIC, Encyclopedia Britannica, Reuters, 2026]

- 5.1 5.1.1 Noem die godsdienste wat by die konflik betrokke is. (4)
- 5.1.2 Wat, volgens die teks, is die kern kwessies van die Israel-Palestina geskil? (4)
- 5.1.3 Behalwe Gaza, watter ander naburige areas word deur hierdie oorlog geaffekteer? (4)
- 5.1.4 Ten spyte van die skietstilstand pogings duur die konflik steeds voort. Bestudeer die uittreksel noukeurig en noem DRIE dinge wat steeds in Gaza gebeur sedert Junie 2026. (6)
- 5.2 Met verwysing na enige EEN godsdienste wat jy bestudeer het, bespreek die leringe van daardie godsdienste oor hoe om konflik te vermy. (6)
- 5.3 Watter praktiese stappe kan godsdienstige organisasies neem om die konflik te beeindig? (6)

- 5.4 Godsdienstige konflik kan in twee onderskeie kategorieë verdeel word, naamlik inter en intra godsdienstig.
Onderskei tussen hierdie twee tipes godsdienstige konflik. (4)
- 5.5 Waarom, dink jy, vind godsdienstige organisasies dit, oor die algemeen moeilik om konflik in baie dele van die wêreld op te los? (6)
- 5.6 Dink jy godsdiens speel 'n groot rol in die Israel-Palestina konflik? Gee redes vir jou antwoord. (6)
- 5.7 Die “Regverdige oorlog” doktrine leer dat onder sekere omstandighede, kan 'n oorlog deur God goedgekeur word.
Bespreek kortliks TWEE omstandighede waarin 'n regverdige oorlog toelaatbaar is. (4)
- [50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150